HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
— WEES JOUSELF —
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | Faks: +27 21 424 5520

12 Julie 2024

Geagte Ouers

**IN SAKE: WINTERSPROKIE - DANS: WOENSDAG 14 AUGUSTUS 2023 (18:00-21:30)**

’n Winterdans( fondsinsameling) word jaarliks op ’n skooldag in die derde kwartaal gehou. Die geld wat hiermee ingesamel word sal aangewend word vir die matriekgeskenk aan die skool. Die graad 12-leerders/matriekkomitee kry jaarliks die geleentheid om hulle inisiatief, kreatiwiteit ten toon te stel met die reël van hierdie funksie en ook om vir oulaas saam met die Jan van Riebeeckers te kuier. Dit is ’n geleentheid wat graag deur alle Jan van Riebeeckers bygewoon word.

’n Paar van ons leerders verkies om iemand van buite die skool as hulle metgesel na die sokkie/dans te bring. Ons vereis egter dat u as ouer toestemming daarvoor moet verleen en dat die betrokke metgesel ’n afskrif van sy/haar ID-dokument aan ons moet verskaf. ‘n Leerder kan egter net **een leerder** van buite bring as metgesel. **Die buite-leerder moet ’n ingeskrewe skoolpligte leerder wees van ‘n skool en nie ouer as 18 jaar nie.**

*Die metgeselle van buite moet asb. ook kennis dra van die skool se reëls rakende alkoholgebruik en die rook van sigarette. Dit sal nié op die aand geduld word nie.*

**Stuur asseblief die onderstaande skeurstrokie en afskrif van ID na me. H H Steyn. Heg bewys van betaling aan ID. Kostes vir ons leerders is R80 sowel as vir buiteleerder is R80.**

**Geen buiteleerder sal toegelaat word as hierdie toestemmingsbrief nie voor die tyd ingehandig word by me. Steyn nie. Op die aand sal slegs leerders op die gastelys toegelaat word.**

---

Hiermee gee ek (ouer/ voog) …………………………………………………toestemming dat my kind……………………………………………………………………………………………graad ……………………… die metgesel van sy haar keuse na die Winterdans mag neem.

My (ouer) selnommer is ……………………………….

- Die buiteleeder se naam is …………………………………………….
- Die buiteleerder is in graad…………………………….
- Die buiteleerder is verbonde aan Hoërskool ………………………………………
- Die buiteleerder se ouer/voog se selnommer is …………..
- Die buiteleerder dra kennis van die skool se gedragskode en sal respekvol en waardig te alle tye optree by die funksie asook alle personeel respekteer.

-----------------------------------------------

**HANDTEKENING VAN OUER**